# LAERSKOOL MIKRO

Telefoon: 021 –903 2126 | Spruitstraat | Posbus 53
E-pos: info@laerskoolmikro.co.za | Kuilsrivier | Kuilsrivier
Webwerf: www.laerskoolmikro.co.za | 7580 | 7579


***… waar kind nog kind kan wees …***

5/2024

13 Februarie 2024

Geagte Ouers

Onderwerpe wat in hierdie Mikrofokus aangespreek word:

1. Uit die Kantoor
2. Ouerkomitee 2024
3. Gesinskamp
4. Superspar skolekompetisie
5. MySchool MyVillage MyPlanet
6. Sport van die week
7. Nuwe D6-toep
8. Individuele- en klasfoto's
9. NoviKidz

## 1. UIT DIE KANTOOR

Verlede week het ons 'n baie suksesvolle Gr R Opedag by die skool gehad. Besoekers is in groepe vir 'n toer deur die skool geneem en ons was baie trots op die positiewe terugvoering wat ons gekry het oor die netheid van ons gange en klaskamers. Dankie aan die Graad R-onderwyseresse wat die meeste van die beplanning gedoen het en vir die res van die personeel wat gehelp het om daarvan 'n sukses te maak. Ons bedank ook ons terreinpersoneel vir hul harde werk.

Ons is ook trots op die goed afgeronde Prestige atletiekbyeenkoms wat ons verlede Donderdag aangebied het. Vier-en-twintig skole het hieraan deelgeneem en ons bedank vir Ribbens Office National, ons borg, asook alle beamptes wat gehelp het om dit moontlik te maak.

**Ek wil u weereens aanmoedig om aan die verkiesingsproses van ons skool se nuwe beheerliggaam deel te neem. Die eerste stap is om voor Woensdag, 21 Februarie 2024 nominasies by die ontvangskantoor in te dien van ouers wat hulself verkiesbaar stel.**

**Nominasievorms is by die ontvangskantoor of op D6 beskikbaar. Ons maak staat op u samewerking om seker te maak die vyf ouers wat op 7 Maart 2024 tot die nuwe beheerliggaam verkies word, is ouers wat 'n positiewe en gebalanseerde bydrae tot die bestuur en beheer van ons skool sal kan maak.**

## 2. OUERKOMITEE 2024

Gisteraand is die volgende ouers as hierdie jaar se ouerkomitee verkies. Elkeen verteenwoordig 'n graad en hulle sal as 'n komitee van die beheerliggaam 'n belangrike rol speel om ouers te mobiliseer en betrokke te kry. Hulle sal ook operasionele sake bespreek en voorstelle deurgee om Mikro nog 'n beter plek vir almal te maak.

| | | | |
|---|---|---|---|
| GR. R | Luzaan Kruger | GR. 1 | Karien Louw |
| GR. 2 | Zanna Hugo | GR. 3 | Madeleine Slabbert |
| GR. 4 | Zane Fourie | GR. 5 | Annemie de Jager |
| GR. 6 | Sanet Nel | GR. 7 | Annemarie Engelbrecht |

Voorlopig bedank ons hulle vir hul bereidwilligheid.

3. **GESINSKAMP: VRYDAG, 8 MAART 2024 en SATERDAG, 9 MAART 2024**





**Die hele gesin kamp vanjaar saam op die skoolterrein!!**

Ons is opgewonde om ons heel eerste gesinskamp bekend te stel! Ons tradisionele gesinsbraai het vanjaar 'n prettige "twist". Elke oudste en enigste leerder ontvang vandag 'n inskrywingsvorm en inligtingsbrief.

**U HOEF SLEGS EEN VORM PER GESIN TE VOLTOOI.** Handig dit in by u **oudste kind se klasopvoeder,** saam met die inskrywingsfooi.

Kom geniet 'n heerlike saamkuier-aand met u kind(ers) en ons Mikro-familie!

4. **SUPERSPAR KUILSRIVIER SKOLEKOMPETISIE**

**BAIE DANKIE** vir u getroue ondersteuning rakende hierdie kompetisie. Mikro was die algehele wenner, danksy u! Daarmee het ons 'n pragtige kontantprys van R12 000 vir die skool verdien.

Superspar Kuilsrivier loods weer `n kompetisie waar skole wonderlike pryse kan wen, maar ons het u as ouer en kliënt van Superspar nodig om ons te help. Die swartbord by Superspar dui weekliks aan watter skool die voorloper is. Mikro is tans derde en ons wil reeds ons ouers wat by Superspar aankope doen, bedank.

Indien u daar u aankope gaan doen, gooi asb. u strokie in **LAERSKOOL MIKRO SE POSBUS.**

SPAR

KOM ONS VAT HANDE, ONDERSTEUN VIR SUPERSPAR EN HELP SODOENDE VIR MIKRO OM `N WONDERLIKE KONTANTPRYS TUSSEN R5 000 EN R12 000 TE WEN!!!

5. **MySchool MyVillage My Planet**

❤️ **Dis die klein dingetjies wat 'n groot verskil maak...** ❤️

Kom ons vier die klein vreugdes in die lewe en gee terug deur jou **MySchool MyVillage MyPlanet** kaart te gebruik - **saam** kan ons 'n positiewe impak maak! As jy nog nie 'n MySchool-kaart het nie, volg asseblief hierdie maklike stappe:

✏️ Sluit aan: https://www.myschool.co.za/portal/register
✅ Kies **Laerskool Mikro** as begunstigde
🛍️ Gebruik jou kaart by Woolworths en ander vennote

Koppel Woolworths kaarte só:
🌈 SMS: 'Link' na 31231
🌈 Skakel: 0860 100 445
🌈 Epos: cs@myschool.co.za

**BAIE DANKIE** aan al ons lojale ondersteuners! ✨

#MySchoolMyVillageMyPlanet #SwipeWithYourHeart
#MakeADifference




6. **SPORT van die WEEK: 13 FEBRUARIE 2024 tot 16 FEBRUARIE 2024**

Dinsdag, 13 Feb:

- Atletiek Kring byeenkoms by Parow (W)

- Hokkie (S) Proewe

Woensdag, 14 Feb:

- Krieketwedstryde:
  - o.11A teen Welgemoed (W)
  - o.11B teen Welgemoed (T)

- Tenniswedstryde:
  - Seuns:
    - o.13A teen Brackenfell (W)
    - o.13B teen Brackenfell (W)
    - o.13C teen Welgemoed (T)
    - o.13D teen Boston (W)
    - o.11A teen Kenridge (T)
    - o.11B teen Brackenfell (T)
    - o.11C - Reddam Durbanville (W)

  - Dogters:
    - o.13A - Loslootjie
    - o.13B Gemeng teen Curro Brackenfell (W)
    - o.11A teen Welgemoed (W)
    - o.11B teen Brackenfell (W)
    - o.11C - Loslootjie

Donderdag,15 Feb:

- Krieketwedstryde:
  - o.13A teen Welgemoed (W)
  - o.13B teen Welgemoed (T)
  - o.7 - o.9 A teen El Shaddai (T)
  - o.7 - o.9 B &C spanne oefen.

Vrydag, 16 Feb:


- o.10A Krieket speel by Curro Durbanville (W)

## 7. NUWE D6 CONNECT

Ons het vanaf 1 Januarie 2024 na 'n nuwe D6+ School Communicator-program oorgeskakel.

Ons versoek dat u asb. die nuwe toep sal aflaai, aangesien die huidige toep nie meer in werking sal wees nie. Sien ook School Communicator: Bronne: Algemeen



**Connect**
Installeringsgids

**Geagte Ouer,**

**Laai die d6 Connect-toepassing (met die grys d6 handelsmark) af om toegang tot alle belangrike skoolinligting in die palm van jou hand te kry.**

Effektiewe kommunikasie is die hoeksteen van enige suksesvolle verhouding. Ons glo daarin om 'n skoolomgewing te skep wat die betrokkenheid van ons ouers sal aanmoedig en koester. Dit is hierdie betrokkenheid van ouers wat 'n positiewe impak op die algehele sukses van die leerders sal hê.

Om te streef na effektiewe kommunikasie, gebruik die skool die d6 Connect-toepassing. Kry die inligting wat jy nodig het maklik, in die palm van jou hand!

Bly verbind met jou kind se:

- Prestasies
- Skoolrekening saldo's*
- Geleenthede
- Skool "Saamry"" funksie... en nog baie meer!**
- Onderwysers
- Aankondigings
- Hulpbronne

* Hierdie funksionaliteit is slegs beskikbaar indien 'n skool vir die betrokke module/oplossing geregistreer het.
** Het jy hierdie jaar 'n saamrygeleentheid vir jou kind nodig? Maak gebruik van die "Saamry"-funksie in die d6 Connect-toepassing. Hier kan jy 'n saamrygeleenthede met mede-skoolmaats in jou omgewing aanvra of aanbied.
Klik hier om meer uit te vind.

**Gaan na die App Store en begin GRATIS**

GET IT ON Google Play | Download on the App Store | EXPLORE IT ON AppGallery

| | |
|---|---|
| Stap 1: | Soek vir **'d6 Connect'** |
| Stap 2: | Kies die **'Install'** -knoppie |
| Stap 3: | Kliek op **'Open'** sodra die toepassing geïnstalleer is |
| Stap 4: | Voer jou selfoonnommer in |
| Stap 5: | Voer OTP en wagwoord in |
| Stap 6: | Voer basiese besonderhede in |
| Stap 7: | Kies u skool- /gemeenskapsverbindingsmetode |
| Stap 8: | Volg die inprogramstappe om die verbinding te voltooi |

**Ondersteuning**

Indien jy enige vrae of probleme het, kan jy die d6-skoolondersteuningspan kontak
Telefoon | 087 820 0088 or
E-pos | appsupport@d6.co.za or
Hulpbronne | Frequently Asked Questions (FAQs).




**8. <u>NOVIEKIDZ:</u> <u>WERKSWINKEL BY LAERSKOOL MIKRO</u>**

Help jou kind om holisties te blom en sluit aan by die Noviekidz-klub!! Sien aangehegte advertensie vir meer inligting.

**9. <u>INDIVIDUELE- en KLASFOTO'S: GR. 2 – 7 LEERDERS</u>**

Op Woensdag, 21 Februarie 2024 word die individuele- en klasfoto's geneem. Alle leerders word in skoolklere (somersdrag) afgeneem. Indien 'n leerder nie die korrekte kleredrag het nie, sal hul ongelukkig nie op die foto's verskyn nie.

Voorspoed vir die week.

L. Mouton
SKOOLHOOF



# FEBRUARIE 2024

| Maandag | Dinsdag | Woensdag | Donderdag | Vrydag | Saterdag | Sondag |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | 1<br>KWSS Inligtingsaand @18:00<br>Nasorg Inligtingsaand @18:30 | 2<br>PRETDAG | 3 | 4 |
| 5<br>Ondersteunersklub verg. @19:00 | 6<br>Atletiek (W): Somer-Wes Primêr | 7 WÊRELDHARDOPLEESDAG<br>GR. R-OPEDAG<br>o.11 A-C Krieket (W)<br>Tenniswedstryde<br>Engels Huistaal Inligtingsaand @19:00 | 8<br>PRESTIGE ATLETIEK (T) | 9<br>O.13A Krieket 6-a-side (W): Hugo Rust<br>Studiekursus: Graad 4 | 10<br>Studiekursus: Graad 4 | 11 |
| 12<br>PROEWE: RUGBY<br>OOV verg. @18:00 | 13<br>PROEWE: HOKKIE (S)<br>Atletiek: MEED @ Parow | 14 NETHEIDSKONTROLE<br>PROEWE: HOKKIE (D)<br>o.11 A-B Krieketwedstryd<br>Tenniswedstryde<br>VALENTYNSDAG | 15<br>PROEWE: NETBAL<br>Krieketwedstryde | 16<br>o.10 A Krieket (W): Curro Durbanville | 17<br>O13A&B Rugbyoefening (W): Stellebosch | 18 |
| 19 | 20<br>GEEN SPORT AGV. PERSONEELVERGADERING<br>Atletiek (W): Aristea o.7-o.9 | 21<br>KLAS + INDVIDUELE FOTO'S (GR. 2-7) | 22<br>Atletiek Distrik Kampioenskappe: MEED Distrik - Parow | 23<br>GR. R-KOEKVERKOPING<br>o.7-o.9 Mini-Krieket (W): Bellpark | 24<br>o.8-o.9 A&B KFC Mini-Krieket (W):Panorama | 25 |
| 26<br>TOETSREEKS: GRAAD 7 | 27<br>TOETSREEKS: GRAAD 7<br>o.7-o.9 Atletiek (W): Panorama | 28<br>TOETSREEKS: GRAAD 7<br>Atletiek WP Kampioenskappe: Dal Josafat, Paarl | 29<br>TOETSREEKS: GRAAD 4-7 | | | |

*Datums is onderhewig aan veranderinge/kansellasies.

BLOU: Datums bygekom ROOI: Datums het verander

# KOSMOS

*Eerste saamkuier!*

DATUM: DONDERDAG, 22 FEBRUARIE 2024
TYD: 19:00 - 20:00

*gratis!*

KOM KUIER EN GESELS SAAM. GENIET 'N GLASIE WYN/SAP TERWYL ONS LEKKER GESELS, LUISTER EN WENKE DEEL.

IS JY 'N OMGEE OUER/OPVOEDER/KINDERVERSORGER? DAN IS DIÉ UUR NET VIR JOU!

JY WEET JY GUN JOU KIND 'N SOOMLOSE ONTDEKKINGSTOG IN SY/HAAR SOEKE NA INDIVIDUELE TEVREDENHEID.

JY WEET JY WIL JOU KIND TOERUS OM AS VOLWASSENE TE BLOM EN SUKSESVOL TE WEES.


ONS GAS IS MARLENE JOUBERT VAN EQ FOR KIDS WAT ONS GAAN BEWUS MAAK VAN ONS KINDERS SE EMOSIONELE INTELLIGENSIE EN EIESOORTIGE TEMPERAMENT!

Navrae: Thea Visser - 0845808170




GIFT VOUCHER
FOR EVERY SUCCESSFUL REFERRAL I WILL PAY YOU
R5000
Harcourts Dunn
SCHONNE BRUWER
082 445 1372
TERMS AND CONDITIONS OF USE
The voucher will pay out 48 hours after the registration of the property


STUDIEMETODE KURSUS
GR. 4 - 7
VRYDAG 23 FEBRUARIE
& SATERDAG 24 FEBRUARIE
VERREWEIDE STR 26
KUILSRIVIER
VRYDAG: 16H30 - 18H30
VIND UIT HOE JY DIE BESTE LEER
SATERDAG: 15H30 - 17H30
KOM LEER DIE METODE WAARMEE JY DIE MAKLIKSTE SAL LEER AAN
KOSTE: R500
064 751 9343


START
RHYTHMIC GYMNASTICS
AT FYNBOS GYMNASTICS CLUB
FROM AGES 3 AND UP
STELLENBOSCH CENTRAL & KUILS RIVER
CLASSES PRESENTED BY AWARD WINNING COACHES & JUDGES
CLUB & OFFICIALS REGISTERED WITH GYMNASTICS SOUTH AFRICA
RHYTHMIC GYMNASTICS COMBINES THE ELEMENTS OF BOTH GYMNASTICS & DANCE, USING HANDHELD EQUIPMENT NAMELY ROPES, RIBBONS, BALLS, HOOPS & CLUBS
JOIN US FOR A FREE TRIAL LESSON
BOOKINGS ESSENTIAL
For any inquiries or trial bookings contact
Simone
CLUB OWNER & HEAD COACH
simone@fynbosgymnastics.co.za
072 378 8677


Met Liefde
Help my om U droom eiendom te vind
OF
Gratis mark waardasie te gee
OF
R2 500 met registrasie vir verwysing aan U
EN
Laerskool Mikro te gee
Vir die Maand van Februarie
YOUR VALENTINE
RAWSON OAKGLEN BELLVILLE
+27(0) 82 994 2119
RAWSON


KERMIS SPELETJIES
2 Maart
08:00 tot 13:00
Vissievang & Pinata
Facepaint & Cupcakes
Sweeties & Springkasteel
Skyfskiet & Tie Dye
en nog vele meer
Kosse, Kleure en Geure van SA
Suidkerk
NG Kerk Kuilsrivier-Suid
021 903 3095
bestuur@suidkerk.org.za
PARKERING
21 Denne str, Kuilsrivier
Parkering agter kerk
KAARTJIES TE KOOP
www.suidkerk.org.za
Kliek op Aanlynwinkel
of te koop by Cup of Life


KERMIS SATERDAG
2 Maart
08:00 tot 13:00
Ontbyt vanaf 07:00
Pannekoek & Poeding
Roosterkoek & Potjiekos
Handwerk & Wit olifante
Kinderspeletjies
en vele meer
Kosse, Kleure en Geure van SA
Suidkerk
NG Kerk Kuilsrivier-Suid
021 903 3095
bestuur@suidkerk.org.za
PARKERING
21 Denne str, Kuilsrivier
Parkering agter kerk
KAARTJIES TE KOOP
www.suidkerk.org.za
Kliek op Aanlynwinkel
of te koop by Cup of Life







# noviekidz

## Drama Werkswinkels by Laerskool Mikro

MIKRO
WERK EN SKEP




**Worstel jou kind met ñ gebrek aan selfvertroue, sosiale en kommunikasie vaardighede? Of dalk blink hy/sy reeds daarin uit en het die potensiaal om groter hoogtes te bereik in toneelspel. NovieKidz help leerders om werklik holisties te blom, met ons weeklikse drama werkswinkels vir leerders in grade 1 - 7!**

**Skryf jou kind nou in teen R500 vir kwartaal 1**

As ouer hoef jy nie hierdie uitdagings alleen aan te pak nie. Kom ons ontsluit saam jou kind se persoonlike potensiaal en toneelspel vaardighede!

1. Bespreek 'n proefsessie! Stuur 'n WhatsApp aan die fasiliteerder Christie van Niekerk by 083 340 9386 met die leerder se naam & van, skool & graad en jou e-posadres.
2. Voltooi 'n vinnige Google-inskrywingsvorm,
3. Ontvang weeklikse terugvoer oor jou kind se ontwikkeling.

Aanskou nuutgevonde selfvertroue, **blommende sosiale vaardighede en bemeestering** van toneelspel.


*Edwin van der Walt*


*Christie van Niekerk*

**Wie?** Gr. 1-7's ingeskryf by Laerskool Mikro
**Wanneer?** Donderdae: Groep 1 (gr. 1-3) **16h30-17h30** Groep 2 (gr.4-7) **17h30-18h30**
**Waar?** Laerskool Mikro Klubhuis
**Taal?** Tweetalig (Afrikaans & Engels)
**Fooi? R950** vir 8 klasse per kwartaal **(laat inskrywings sal op 'n pro rata basis werk)**

**Elke kind verdien die leiding om te blom!**